

22 SEPTEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 98
FOKUSGEDEELTE: PSALM 98:1**

‘n Nuwe lied

Iets waarsonder jy nie vandag sal kan klaarkom nie, is hulp. Dink net vir 'n kort rukkie aan al die hulp wat ons nodig het. Dit maak mens eintlik verbouereerd. Iewers moet iemand help sodat ek water uit 'n kraan kan tap, 'n lig kan aansit, kos het om te eet en so kan ons aangaan. As jy van hierdie oomblik af sonder hulp is, sal dit die begin van jou einde wees.

God het geen hulp nodig nie. Niemand versorg Hom nie. Niemand doen iets vir Hom omdat Hy dit nodig het nie. As dit met 'n mens sou gebeur dat niemand vir hom iets doen nie, dan sou dit sy spoedige einde beteken. Met God is dit heeltemal anders. Niemand kan Hom help nie, want met sy Goddelike mag doen Hy alles wat Hy wil. Hy is die HELPER, alles wat 'n mens bedreig, kan Hy oorwin.

Dit wat 'n mens nie kan doen nie, het Hy gedoen. Nie net het Hy volke oorwin nie, maar Christus het ook die dood oorwin; dus is oorwinning oor elke ander bedreiging ook moontlik. Hierdie oorwinning is so groots dat dit 'n nuwe lied vra, 'n nuwe lied wat gesing kan word uit 'n nuwe hart wat deur die Gees van God nuut gemaak is om nuut te leef.

Hierdie oorwinning moet oral bekend gemaak word. Nou, aan die einde van September, sien 'n mens hoedat die natuur ook vertel van die nuwe begin wat die Here gemaak het. God kan ook in jou lewe altyd weer 'n nuwe begin maak, want Hy is nie 'n dooie Here wat aan die kruis op Golgota agtergebly het nie. Hy het opgestaan en Hy lewe. Daarom kan mens met vrymoedigheid Hom aanbid, en jou hele lewe in sy hande gee!

Sing: Psalm 33:2 (1936-beryming)

Dr Chris van der Walt (Pietersburg-Suid)